




OMGESKAKEL

VAN DIE VASTEVOORDEEL- NA DIE VASTEBYDRAESTRUKTUUR






INHOUDSOPGAWE

Inleiding.....	04
Die proses wat gevolg word.....	04
Die verskil tussen vastevoordeel- en vastebydraefondse.....	05
Die nuwe voordelestruktuur van die APK-vastebydraefonds.....	06
Die nuwe beleggingstrategie.....	08
Beleggings en risiko.....	10
Vrae en antwoorde.....	11

INLEIDING



Die Raad van die Fonds het besluit om met ingang 1 November 2007 die reëls van die Fonds sodanig te wysig om voorsiening te maak om die Fonds om te skakel van 'n vastevoordeel- na 'n vastebydraestruktuur. Alle bestaande lede word eenmalig omgeskakel van die vastevoordeel- na die vastebydraestruktuur.

Hierdie besluit is na sorgvuldige oorweging van die huidige finansiële situasie van die Fonds geneem en sal die toekomstige volhoubaarheid van die Fonds verseker. Die Raad is oortuig dat die besluit in die beste belang van lede sowel as die kerk geneem is.

Hierdie brosjure is saamgestel om vir u meer inligting te verskaf aangaande die omskakeling, die nuwe voordele van die vastebydraestruktuur, sowel as die nuwe beleggingsportefeuljes.

DIE PROSES WAT GEVOLG WORD

Met ingang 1 November 2007 sal 'n omskakelingskrediet bereken word vir elke lid.

Die omskakelingskrediet bestaan uit:

Die bedrag wat op die omskakelingsdatum vanaf die vorige bedeling oorgedra is vir aanwending in die Fonds, is aktuarieel ten opsigte van elke lid bereken.

Die bedrag is gelyk aan:

Die Fonds se opgelope verpligtinge ten opsigte van die lid onmiddellik voor die omskakelingsdatum, soos deur die aktuaris bepaal;

tesame met
toevoeging soos deur die aktuaris bepaal, welke

DIE VERSKIL TUSSEN VASTEVOORDEEL- EN VASTEBYDRAEFONDSE

toevoegings bepaal word met inagneming van die regte en redelike verwagtings aangaande voordele kragtens die vorige bedeling;

tesame met enige surplus-toedeling of beleggingsreserwe wat oorgeplaas is ten opsigte van die lid.

Die omskakelingskrediet sal dan namens die lid in een van die drie nuwe beleggingsportefeuljes belê word volgens die lid se termyn tot aftrede en/of eie keuse.

Vir die meeste mense is hul pensioenfondsbelegging die grootste enkele belegging wat hulle ooit sal maak. Daarom is dit baie belangrik dat u as lid verstaan hoe u fonds werk en wat hierdie omskakeling vir u beteken.

U was 'n lid van 'n vastevoordeelfonds. Dit beteken dat u binne die Fonds as pensioenaris kan aftree en dat u pensioen bepaal is deur 'n vaste formule wat die hoeveelheid jare diens wat u het, sowel as u salaris by aftrede in ag neem. U pensioen is lewenslank deur die Fonds gewaarborg. In hierdie bedeling dra u 'n vaste persentasie van u salaris by tot die Fonds as 'n maandelikse bydrae. Omdat die aftreevoordeel deur 'n vaste formule bepaal word, moet die werkgewer se bydrae tot die Fonds enige tekorte in die Fonds goedmaak. Die Fonds word elke drie jaar verplig om 'n aktuariële waardasie te doen, waartydens die aktuaris bepaal wat die werkgewer se bydraes behoort te wees.

Die vastebydraefondse is nuwerwetse fondse wat aan lede meer keuses en buigsaamheid bied, terwyl hierdie fondse oor die algemeen beter opbrengste oor die lang termyn aan lede verseker. 'n Vastebydraefonds werk soos 'n spaarrekening. Elke lid het sy eie rekening by die Fonds en elke maand word die lid en die werkgewer se bydrae hierin belê. Wanneer die lid aftree-ouderdom bereik, kan die lid sy volle belang by die Fonds gebruik om 'n pensioen by 'n geregistreerde versekeraar/ onderskrywer van keuse aan te koop.

In die nuwe vastebydraestruktuur is die beleggingsdoelwit 'n groeikoers van 16% per jaar gemiddeld oor die lang termyn, wat sal verseker dat lede se geld genoegsaam behoort te groei om 'n moeitevrye aftrede te verseker.

DIE NUWE VOORDELESTRUKTUUR VAN DIE APK- VASTEBYDRAEFONDS



Met ingang 1 November 2007, verander die Fonds na 'n vastebydraefondsstruktuur. Die reëls is aangepas om die omskakeling te akkommodeer en die voordelestruktuur is soos volg:

Definisie van Werkgewer

Leraars wat in diens van die werkgewer is en administratiewe personeel wat in diens van en die trakterende verantwoordelikheid van die Gemeenskaplike Kerkkantoor Kommissie is.

Lidmaatskap

Elke werknemer is verplig tot lidmaatskap van die Fonds sodra hy/sy 'n permanente personeellid van die werkgewer word.

Die lid se lidmaatskap word beëindig:

- wanneer die lid sterf, of
- sodra die lid, nadat hy/sy nie meer as 'n werknemer kwalifiseer nie, nie meer op 'n voordeel kragtens die reëls geregtig is nie, of
- by ontbinding van die Fonds.

Daar bestaan vier kategorieë van Lidmaatskap:

- **KATEGORIE 1-LID**
'n Lid van die Fonds wat voor of op 1 September 1993 'n lid van die Fonds was en jonger as 50 jaar was op die 1ste Julie 2007.
- **KATEGORIE 2-LID**
'n Lid van die Fonds wat voor of op 1 September 1993 'n lid van die Fonds was en 50 jaar of ouer was op die 1ste Julie 2007 en op daardie tydstip 'n lid van die Fonds was.
- **KATEGORIE 3-LID**
'n Lid van die Fonds wat na 1 September 1993 'n lid van die Fonds geword het en jonger as 50 jaar was op die 1ste Julie 2007.
- **KATEGORIE 4-LID**
'n Lid van die Fonds wat na 1 September 1993 'n lid van die Fonds geword het en 50 jaar of ouer was op die 1ste Julie 2007 en op daardie tydstip 'n lid van die Fonds was.

Bydraes

Lopende Ledebydraes

- Solank 'n kategorie 1-lid 'n werknemer is, sal die lid maandeliks 'n bydrae tot die Fonds lewer gelyk aan 7.5% van die besoldiging.
- Solank 'n kategorie 2-lid 'n werknemer is, sal die lid maandeliks 'n bydrae tot die Fonds lewer gelyk aan 10.5% van die besoldiging.
- Solank 'n kategorie 3-lid 'n werknemer is, sal die lid maandeliks 'n bydrae tot die Fonds lewer gelyk aan 7.5% van die besoldiging.
- Solank 'n kategorie 4-lid 'n werknemer is, sal die lid maandeliks 'n bydrae tot die Fonds lewer gelyk aan 10.5% van die besoldiging.

Lopende Werkgewerbydraes

Die werkgewer dra maandeliks 'n bedrag gelyk aan:

- 12.5% van die besoldiging van al die kategorie 1-lede wat aan die Fonds bydraes moet lewer, tot die Fonds by; en
- 17.5% van die besoldiging van al die kategorie 2-lede wat aan die Fonds bydraes moet lewer, tot die Fonds by; en
- 12.5% van die besoldiging van al die kategorie 3-lede wat aan die Fonds bydraes moet lewer, tot die Fonds by; en
- 17.5% van die besoldiging van al die kategorie 4-lede wat aan die Fonds bydraes moet lewer, tot die Fonds by.

Lid-aandeel

Die lid-aandeel is 'n bedrag gelykstaande aan:

- die bedrag van die balans van enige krediet vir die lid wat na die omskakelingsdatum deur die aktuaris bereken is, tesame met;
- die balans van die lid se bydraes tot die Fonds, tesame met;

- die balans van die netto werkgewerbydraes tot die Fonds ten opsigte van die lid, nadat die volgende verreken is;

koste van administrasie aan die administrateur betaal, proporsioneel per lid toegeken; en

koste van die voorsiening van risikovoordede aan die geregistreerde versekeraar betaal, proporsioneel per lid toegedeel; en

bydraes tot die kostereserwerekening, proporsioneel per lid toegedeel.

Tesame met

- Enige surplusse of tekorte wat van tyd tot tyd in die Fonds mag ontstaan; en
- beleggingsinkomste verdien op die Fonds se beleggings, proporsioneel per lid toegedeel.

Normale aftree-ouderdom

Die ouderdom van 65 jaar.

Vroeë aftree-ouderdom

Die ouderdom van 55 jaar.

Definisie van Salaris

Die jaarlikse gemiddelde van die lid se jaarlikse besoldiging gedurende die 36 agtereenvolgende maande in die tydperk van sy/haar pensioengewende diens wat die hoogste gemiddelde gee, of, indien dit minder as 36 is, gedurende die aantal maande wat daar wel in die tydperk van sy/haar pensioengewende diens was.

Aftreevoordeel

Die lid sal by aftrede op die normale aftreedatum geregtig wees om met die waarde van sy/haar lid-aandeel 'n pensioen vanaf 'n geregistreerde versekeraar vir hom-/haarself te verkry, en die lid is dan die eienaar van die pensioen.

Die pensioen moet, onderhewig aan die reg van



omskakeling in 'n enkelbedragbetaling, nie-kommuteerbaar en nie-afkoopbaar wees gedurende die leeftyd van die afgetrede lid. Dit mag nie oorgedra, gesedeer, verminder, beswaar of deur krediteure in beslag geneem word nie soos beoog deur artikels 37A en 37B van die Wet. Die pensioen moet ten minste tot die dood van die lid betaalbaar wees.

Pensioen vanaf geregistreerde versekeraar

Die pensioen waarna bo verwys word, moet aangekoop word by 'n geregistreerde versekeraar waarop die lid besluit het, met die lid as eienaar.

Die Fonds se aanspreeklikheid ten opsigte van 'n lid wat aftree is beperk tot die afsluiting van die pensioen met die geregistreerde versekeraar vir die betaling ten opsigte van die lid. Onmiddellik nadat die Fonds die koopsom op die pensioen betaal het en, waar toepaslik, enige enkelbedrag betaling gemaak is, word die lid se lidmaatskap van die Fonds beëindig.

Meer as een pensioen mag ten opsigte van 'n lid aangekoop word, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes soos deur die belastingowerhede in hierdie verband voorgeskryf.

Groter voordele by aftrede op normale aftree-ouderdom

Beide 'n kategorie 2- en 4-lid sal by aftrede op normale aftree-ouderdom die groter voordeel van die volgende ontvang:

1. Sy/haar lid-aandeel soos bo genoem; of
2. 'n Bedrag wat voldoende is om met die waarde daarvan 'n jaarlikse pensioen wat gelyk is aan 2% van die lid se salaris op datum van aftrede, vermenigvuldig met $t/12$, waar t die getal volle maande in die lid se tydperk van pensioengewende diens is, vanaf 'n geregistreerde versekeraar vir hom-/haarself te voorsien, onderhewig aan die voorwaardes soos bo genoem.

In die geval waar die voordeel soos omskryf in punt twee hierbo die groter voordeel is, sal die werkgewer so 'n verskil tussen die waarde wat nodig is om die voordeel beskryf in punt twee vanaf 'n geregistreerde versekeraar vir hom-/haarself te kan voorsien, as 'n eenmalige kontantbedrag aan die Fonds betaal. Die bedrag sal by die lid se lid-aandeel gevoeg word. Die lid is dan verplig

om vir hom-/haarself van so 'n voordeel beskryf in "Aftreevoordeel" hierbo te voorsien.

Voordeel by vroeë aftrede

a. Vrywillige aftrede

'n Lid mag te enige tyd na die bereiking van die ouderdom van 55 jaar aftree, onderhewig aan die geskrewe goedkeuring van die werkgewer. In so 'n geval sal die lid geregtig wees om met die waarde van sy/haar lid-aandeel 'n pensioen by 'n geregistreerde versekeraar aan te koop.

Groter voordele by vroeë aftrede

Beide 'n kategorie 2- en 4-lid sal by vroeë aftrede die groter voordeel van die volgende ontvang:

1. Sy/haar lid-aandeel soos bo genoem; of
2. 'n Bedrag wat voldoende is om met die waarde daarvan 'n jaarlikse pensioen wat gelyk is aan 2% van die lid se salaris op datum van aftrede, vermenigvuldig met t/12, waar t die getal volle maande in die lid se tydperk van pensioengewende diens is, verminder met 0.25% vir elke volle maand wat die lid se diens voor die normale aftree-ouderdom beëindig word, vanaf 'n geregistreerde versekeraar vir hom-/ haarself te voorsien, onderhewig aan die voorwaardes soos bo genoem. In die geval waar die voordeel soos omskryf in punt twee hierbo die groter voordeel is, sal die werkgewer so 'n verskil tussen die waarde wat nodig is om die voordeel beskryf in punt twee vanaf 'n geregistreerde versekeraar vir hom-/haarself te kan voorsien, as 'n eenmalige kontantbedrag aan die Fonds betaal. Die bedrag sal by die lid se lid-aandeel gevoeg word. Die lid is dan verplig om vir hom-/haarself van so 'n voordeel soos bo beskryf te voorsien.

b. Aftrede weens swak gesondheid

As die werkgewer van mening is dat die lid nie meer in staat is om sy verantwoordelikhede na te kom as gevolg van swak gesondheid nie, mag so 'n lid op enige tyd aftree voor die normale aftreedatum, onderhewig aan goedkeuring van die Raad en die belastingowerhede en

onderhewig aan die lewering van voldoende mediese bewyse. In so 'n geval sal die lid geregtig wees daarop om die waarde van sy/haar lid-aandeel te gebruik om 'n pensioen vanaf 'n geregistreerde versekeraar vir hom/haarself te verkry.

Ongeskiktheidsvoordeel

Die lid is geregtig op 'n maandelikse inkomste, betaalbaar, in terme van en onderhewig aan, die bepalinge van 'n Ongeskiktheidsvoordeel-versekeringspolis aangegaan vir hierdie doel, onderhewig aan 'n maksimum betaling in terme van die bepalinge van die versekeringspolis.

Laat aftrede

Kategorie 1- en 2-lid

'n Kategorie 1- en 2-lid mag na sy / haar normale aftreedatum in diens van die werkgewer bly. In so 'n geval sal bydraes aanhou om betaalbaar te wees met betrekking tot die lid na die normale aftreedatum. Beide die lid en die werkgewer sal aanhou om bydraes tot die Fonds te betaal na die normale aftreedatum. In die geval van laat aftrede sal die lid daarop geregtig wees om met sy/haar lid-aandeel 'n pensioen by 'n geregistreerde versekeraar vir hom/haarself aan te koop.

Kategorie 3- en 4-lid

'n Kategorie 3- en 4-lid mag nie in die diens van die werkgewer bly na sy/haar normale aftree datum nie.

Groter voordele by laat aftrede

Beide 'n kategorie 2- en 4-lid sal by laat aftrede die groter voordeel van die volgende ontvang:

1. Sy/haar lid-aandeel soos bo genoem; of
2. 'n Bedrag wat voldoende is om met die waarde daarvan 'n jaarlikse pensioen wat gelyk is aan 2% van die lid se salaris op datum van aftrede, vermenigvuldig met t/12, waar t die getal volle maande in die lid se tydperk van pensioengewende diens is, vermeerder met 1% vir elke volle maand wat die lid se diens na die normale aftree-ouderdom beëindig word, vanaf 'n geregistreerde versekeraar vir hom-/ haarself te voorsien, onderhewig aan die voorwaardes soos bo genoem.



In die geval waar die voordeel soos omskryf in punt twee hierbo die groter voordeel is, sal die werkgewer so 'n verskil tussen die waarde wat nodig is om die voordeel beskryf in punt twee vanaf 'n geregistreerde versekeraar vir hom-/haarself te kan voorsien, as 'n eenmalige kontantbedrag aan die Fonds betaal. Die bedrag sal by die lid se lid-aandeel gevoeg word. Die lid is dan verplig om vir hom-/haarself van so 'n voordeel soos bo beskryf te voorsien.

Omskakeling van pensioen

Die lid moet voor sy aftrede by die Fonds aansoek doen om 'n gedeelte van sy/haar pensioen, tot 'n maksimum van een derde, in 'n enkelbedrag- betaling te neem.

Sterftevoordeel voor aftrede

Indien die lid voor die normale aftreedatum sterf, is die volgende voordele betaalbaar:

'n enkelbedragvoordeel gelykstaande aan die lid se lid-aandeel aan die lid se afhanklikes en/ of benoemdes, onderhewig aan die bepalinge van die Pensioenfonds Wet

tesame met

- die risiko sterfte-in-diens enkelbedragvoordeel betaalbaar en onderhewig aan die terme en bepalinge van die Sterfte-in-Diens versekeringspolis.

tesame met

- 'n maandelikse pensioen gelyk aan 50% van die oorlede lid se besoldiging as 'n gade pensioen. onderhewig aan die terme en bepalinge van die Sterfte-in-Diens versekeringspolis.

Benoeming van begunstigde

Dit is van die uiterste belang dat elke lid 'n vorm vir die benoeming van begunstigdes sal voltooi, waarin die lid skriftelik die persoon of persone aanwys wat voordele moet ontvang indien die lid sou sterf.

DIE NUWE BELEGGINGSTRATEGIE

Die Fonds se beleggings sal deur die bestuurders Multi Professionele Dienste (MPD) tesame met *DYNAMIC WEALTH* hanteer word.

Die oogmerk is om oor 'n lopende vyf-jaar-periode 'n opbrengs van ten minste 16% per jaar te behaal. Alhoewel hierdie voorgenome opbrengs nie gewaarborg is nie, wil MPD en *DYNAMIC WEALTH* hierdie doelwit bereik deur die bates van die Fonds tussen verskillende batebestuurders te versprei. Sodanige batebestuurders moes oor 'n tydperk bewys gelever het dat hulle oor die vermoë beskik om uitstekende langtermynopbrengste te kan lewer wat aan die prestasieverwagting soos daargestel, kan voldoen.

Die beleggingsportefeuljes sal op die grondslag van 'n lewensfase en/of eie keuse bestuur word. Dit beteken dat die lede se voordele volgens hul termyn tot aftrede belê sal word. Die rede hiervoor is dat lede wat nog jonk is en ten minste tien jaar tot aftrede het, meer beleggingsrisiko kan neem en in 'n portefeulje belê wat meer blootstelling het aan aandele. Oor die lang termyn gee aandele baie beter opbrengste as effekte. Omdat lede nog ten minste 'n tien jaar beleggingshorison het, kan hulle skommeling in die aandelemark verduur.

Soos wat die lid nader is aan aftree-ouderdom en sy termyn tot aftrede of beleggingshorison kleiner raak, is dit wenslik dat die lid minder blootstelling het aan volatilititeit. Daar is 'n groter fokus op kapitaalbewaring en word daar ook 'n groter verdeling van bates gemaak na effekte en kontant.

Daar is dus drie verskillende risiko-geklassifiseerde portefeuljes vir die lede geskep wat sal strek van konserwatief tot aggressief. Die portefeuljes en hul bate-samestelling sal soos volg wees:

Hier word van die volgende bateklasse en die verwagte samestelling gebruik gemaak:

Konserwatief (Lede met 5 jaar en minder tot aftrede.)

- Aandele : 40 – 55%
- Effekte : 15 – 25%

- Eiendom : 10 – 20%
- Geldmark : 10 – 40%
- Buitelands : 15%

Gematig (Lede met tussen 10 en 5 jaar tot aftrede.)

- Aandele : 50 – 65%
- Effekte : 15 – 25%
- Eiendom : 10 – 25%
- Geldmark : 10 – 25%
- Buitelands : 15%

Aggressief (Jonger lede met meer as 10 jaar voor aftrede)

- Aandele : 60 – 75%
- Effekte : 15 – 25%
- Eiendom : 15 – 30%
- Geldmark : 5 – 10%
- Buitelands : 15%

Die doelwit met die drie verskillende portefeuljes is om lede van verskillende ouderdomsgroepe te akkommodeer. Die riglyn wat behoort te geld is dat jonger lede wat meer as tien jaar voor aftrede oor het, almal in die aggressiewe portefeulje behoort te wees.

Lede wat tussen 5 – 10 jaar voor aftrede is, behoort in die gematigde portefeulje te wees en lede wat vyf jaar en minder voor aftrede oor het, behoort in die konserwatiewe portefeulje te wees.

Beleggingskeuses sal soos volg toegepas word:

1. Die Fonds bepaal welke beleggingsportefeuljes/planne beskikbaar gestel moet word vir die belegging van bates en gelde van die Fonds.
2. Die Raad kan van tyd tot tyd kies in watter verhouding die Lid se Lid - aandeel (of enige gedeelte daarvan) in die gemelde beleggingsportefeuljes/planne belê moet word. Hierdie keuse en enige verandering daaraan is onderworpe aan die voorwaardes wat die portefeuljebestuurder, administrateur en die geregistreerde versekeraar/ onderskrywer mag stel.

BELLEGGINGS EN RISIKO



Daar is 'n balans wat gehandhaaf moet word tussen verwagte beleggingsopbrengs en beleggingsrisiko. Groter verwagte beleggingsopbrengste hou verband met groter beleggingsrisiko's en andersom. Hoewel die voorafgaande nie altyd in die praktyk plaasvind nie, veral nie in die korttermyn nie, is dit egter verstandig om hierdie beginsel te aanvaar wat langtermynbeleggings soos aftreefondsbeleggings betref.

Dit sou ideaal wees om hoë opbrengste te verkry deur min of geen risiko's te loop nie. Ongelukkig is dit nie moontlik nie. 'n Mens moet al die verskillende risiko's in ag neem, sowel as die verwagte opbrengs van elke portefeulje en die een kies wat aan 'n mens se behoeftes voldoen.

Die risiko van inflasie

Inflasie kan gemeet word teen die styging in lewenskoste. U beleggings moet ten minste byhou by inflasie om die koopkrag van u voordele in stand te hou. Die lae-risiko portefeulje (Konserwatief) het die doel om by te hou by inflasie, terwyl die Gematigde en Groeiportefeuljes reële opbrengs groter as inflasie oor 'n langer termyn behoort te lewer (meer as drie jaar). Die hoë risiko aandeleprofiel van die Aggressiewe Portefeulje behoort oor 'n vyf-jaar-tydperk opbrengste te lewer wat aansienlik hoër as inflasie is.

Moet nie al u geld in een mandjie plaas nie

Dit is nie moontlik vir een enkele belegger of beleggingsbestuurder om onder alle omstandighede die beste te presteer nie. Baie professionele beleggers maak dus die aanbeveling dat u u beleggings diversifiseer om sodoende die risiko te verminder.

Daar is 'n aantal verskillende maniere waarop u dit kan doen. Een van die metodes is om 'n verskeidenheid van instrumente met verskillende risikovlakke en opbrengspotensiaal te kies. Die ander benadering wat u kan volg is om in 'n fonds te belê wat meer as een onderliggende beleggingsbestuurder het. In die geval van 'n multi-bestuurderfonds, verkry u diversifikasie sonder dat u self die beleggingsamestelling of besluite oor die beleggingsbestuurder hoef te maak. U het verder ook verminderde volatiliteit sonder dat u langtermyn groei uitermate hoef op te gee.

VRAE EN ANTWOORDE

1. Wat behels die omskakelingsproses?

Die reëls van die Fonds is sodanig gewysig om voorsiening te maak om die Fonds om te skakel van 'n vastevoordeel- na 'n vastebydraestruktuur. Alle bestaande lede word eenmalig omgeskakel van die vastevoordeel- na die vastebydraestruktuur.

'n Omskakelingskrediet word bereken vir elke lid. Die omskakelingskrediet sal dan namens die lid in een van die drie nuwe beleggingsportefeuljes belê word volgens die lid se termyn tot aftrede en/of eie keuse.

2. Wie word hierdeur geraak?

Alle bestaande lede word op 1 November 2007 outomaties omgeskakel. Alle nuwe lede wat na 1 November 2007 lid word van die Fonds word outomaties op die vastebydrae-struktuur aangestel.

3. Wat moet lede doen in die proses?

U moet seker maak dat u die nuwe reëls van die Fonds verstaan en dat u u omskakelingskrediet nagaan, om te verseker dat die korrekte belang vir u oorgedra word. U moet ook kennisneem van die drie nuwe beleggingsportefeuljes waar u fondsbelang volgens u termyn tot aftrede belê sal word.

4. Wat is die hoofverskil tussen vastebydrae- en vastevoordeelfondse



In 'n vastevoordeelfonds kan u binne die Fonds as pensioenaris aftree en u pensioen is bepaal deur 'n vaste formule wat die hoeveelheid jare diens wat u het, sowel as u salaris by aftrede in ag neem. U pensioen is lewenslank deur die Fonds gewaarborg. In hierdie bedeling dra u 'n vaste persentasie van u salaris by tot die Fonds as 'n maandelikse bydrae. Omdat die aftreevoordeel deur 'n vaste formule bepaal word, moet die werkgewer se bydrae tot die Fonds enige tekorte in die Fonds goedmaak. U aftreebelang word dus nie beïnvloed deur bydraes na die Fonds of die groei van die Fonds nie, maar slegs deur die formule wat toegepas is, gebaseer op u salaris en jare diens. Die beleggingsrisiko is dus deur die werkgewer gedra.

Die vastebydraefondse is nuwerwetse fondse wat aan u meer keuses en buigsaamheid bied, terwyl hierdie fondse oor die algemeen beter opbrengste oor die lang termyn aan lede verseker. 'n Vastebydraefonds werk soos 'n spaarrekening. U het u eie rekening by die Fonds en elke maand word u en die werkgewer se bydrae hierin belê. Wanneer u die aftree-ouderdom bereik, kan u die volle belang by die Fonds gebruik om 'n pensioen by 'n geregistreerde versekeraar/ onderskrywer van u keuse aan te koop. U aftreebelang word dus bepaal deur u en die werkgewer se bydraes, u omskakelingskrediet sowel as die groei wat u elke jaar op die gelde sal ontvang.

In die nuwe vastebydraestruktuur is die beleggingsdoelwit 'n groeikoers van 16% gemiddeld per jaar oor die lang termyn, wat sal verseker dat u geld genoegsaam behoort te groei om 'n moeitevrye aftrede te verseker.

5. Waar kan ek finansiële advies bekom?

Dit is baie belangrik dat u finansiële advies inwin voordat u enige besluite neem aangaande u pensioenvoordele. U kan gerus die Fonds se finansiële adviseurs, Multi Professionele Dienste, by (012) 807-0065 of acsfina@acsgroup.co.za, skakel vir 'n persoonlike konsultasie.



Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds
Brookstraat 109
Brooklyn
Pretoria
0181